# Noordelike Sinode

# TAAKSPAN: KERKWEES EN COVID-19

## Verslag aan die Sinode
## 16-20 Oktober te Weesgerus

## 1. Opdrag

Die taakspan is met die opdrag getaak om na te dink oor kerk-wees post-Covid-19. As Taakspan het ons by die volgende formulering van ons opdrag uitgekom:

**Om stap vir stap verbeeldingsvol, en met weerstandigheid, leiding te gee in ons op weg wees met Covid-19 / pandemiese konteks in ons onderskeie geloofsgemeenskappe te midde van elkeen se konkrete uitdaginge. Uiteenlopende uitdaginge soos disorientasie, verlies, vloeibaarheid, onsekerheid, kompleksiteit, en dubbelsinnighede. Hierdie uitdagende konteks vra van ons in besonder om met durf opnuut duidelikheid te kry oor ons roeping en geloofsverstaan (veral spesifiek ons verstaan van God en van ons geloof-gemeenskap-wees).**

Die taakspan het op 13 Oktober 2021 aan die SDR terugvoer gegee. Die verslag wat tydens die vergadering aangebied is is as ‘n vorderingsverslag beskou. Sedert die vergaderding is daar aan die verslag verder bygewerk. Ten spyte daarvan dat meeste voel dat die Covid-19 pandemie iets van die verlede is en ‘n verslag soos hierdie dalk mostert na die maal is, voel die taakspan dat die verslag tog steeds van belang is. Die taakspan hoop dat die verslag vir Gemeentes en Ringe sal help om met groter weerstandigheid op toekomstige uitdagings te reageer.

## 2. Taakspanlede

Die taakspan se samestelling het ten doel gehad om sover moontlik die diversiteit van ons sinode te weerspieël. Die taakspan is saamgestel uit predikante en gemeentelede van verskillende ouderdomme, geslagte en gemeentlike kontekste. Die volgende persone het op die taakspan gedien:

Fay van Eeden *(Taakspan-leier)*
Danie Veldsman
Surina van der Berg
Marco le Grange
Retha Kruidenier
Carli Haasbroek
Johan de Wet
Albert Cruywagen

**Die volgende persone moes weens persoonlike omstandighede onttrek:**
Anthony Tosen
Anthony Pearson
Johan Janse van Rensburg
Marietjie Glas
Jacques Erasmus

**Gespreksgenote op ‘n ad hoc basis:**
Pieter Visser
Botha van Aarde
Barry Tolmay
Nelus Niemandt
Kobus Myburgh
Dieter de Bruyn

## 3. Uitvoering van die opdrag

Links onder op jou rekenaarskerm is daar by “*power*” drie opsies te wete “*sleep, shut down en restart*”. Die drie opsies verteenwoordig so min of meer die reaksie van kerke op die Covid-pandemie. Op sommige plekke is gemeentes nog in ’n *sleep mode* en sukkel om wakker te word, terwyl op ander plekke is hulle met die *shut down* proses besig. Verreweg die meeste gemeentes is egter met die *restart*-knoppie doenig. Van die drie sekerlik die beter opsie om te volg. Trouens, dit is waarskynlik vir meeste mense die terugval-opsie wanneer hulle rekenaars steeks is.

Hoeveel van ons het al moedeloos ‘n IT-kenner gekontak net om die woorde “Het jy al ge-restart?” te hoor. Dit werk meeste van die tyd om te *restart*. Daarom is die reaksie van gemeentes verstaanbaar. Ons moet weer aan die gang kom. Ons moet *restart*. Die probleem is net dat dit nie altyd werk nie. Sommige kere is *restart* nie genoeg nie en moet ‘n hardeskyf ge-*reformat* word.

Die vraag is of *restart* in ons huidige omstandighede gaan werk, óf is dit tyd om mooi te kyk wat op die skerm aangaan en dan eerder te *reformat*. Miskien is dit nie noodwendig slegte nuus nie. Meteens kan jy ook ontslae raak van diep verskuilde probleme wat met tyd deel van jou sisteem geword het en is jy na alles beter af as voor die krisis. Die vraag sal dan wees wat beteken *reformatting* vir die kerk en watter vrae moet nou gevra word.

Na verskeie gesprekke het die taakspan drie vrae, wat moontlik ons nadenke rondom reformatting kan help, geïdentifiseer en aan die hand waarvan die uitkomste tov ons nadenke en navorsing uiteengesit kan word:

- **Hoe lyk die breë konteks waarin die NG Kerk haarself bevind?**

- **Hoe verstaan ons God en ons geloof?**

- **Hoe dink ons oor die kerk as geloofgemeenskap en haar roeping?**

Die taakspan is van die oortuiging dat indien ons die bogenoemde vrae op ‘n sinvolle wyse kan bedink sal dit die kerk help in haar verskillende kontekste verbeeldingsvol te kan reageer op hierdie en toekomstige pandemie kontekste. Om die rede het die taakspan ons opdrag aan die hand van hierdie drie vrae aangepak en bied ons ons verslag aan die hand daarvan aan. Elkeen van die vrae word nou behandel.

## 3.1 Hoe lyk die breë konteks waarin die NG Kerk haarself bevind?

### 3.1.1 Inleiding

Om die breë konteks waarin ons onsself as kerk bevind te beskryf is aan die een kant dalk onmoontlik weens die diversiteit van gemeentes in die sinode en breë kerk. En aan die anderkant dalk ook onnodig aangesien elkeen hulle konteks ken en verstaan. Tog het die taakspan gevoel moet ons as vertrekpunt tog iets rondom die breë konteks probeer sê. Dit wat hier volg is nie ‘n volledige konteks analise nie, maar eerder ‘n paar sake wat ons dink nodig is om kortliks te noem wanneer ons oor ons konteks nadink.

Die pandemie was ‘n vreemde tyd wat mense geïsoleer het. Baie alledaagse dinge moes op ‘n afstand, per whatsapp, digitaal, virtueel, of met ‘n afleweringsmotorfietse gebeur. Die pandemie het ons ook geforseer om sport, vertonings, onderrig, kuns, optredes, kerkdienste, ens aanlyn by te woon, want die lewe moes aangaan! Wat ons nou sien, is maar net die begin van die “nuwe normaal”, of dalk ‘n nuwe abnormaal, die toekoms!

Dit wil voorkom of Covid-19 pandemie die veranderings in die samelewing wat reeds besig was om te gebeur as gevolg van globalisasie, die 4e industriële rewolusie en sosiale veranderings net versnel het. Daar word selfs informeel gepraat van die 5e industriële rewolusie: “*man and machine dancing together*,” dws. die mens in/met die kuberruim. Sommige beweer dat die pandemie nie ‘n losstaande gebeurtenis was/is nie, maar ‘n krisis wat oor ‘n lang tyd kom en beskryf met terme soos “*blizzard*” en “*little ice age*” beskryf word. Om die konteks van die pandemie volledig te beskryf is onmoontlik daarom slegs ‘n paar opmerkings waarop die taakspan in ons lees en luister afgekom het.

### 3.1.2 Ons land, Suid-Afrika

#### a. Die ekonomie

Covid-19 het ekonomieë regoor die wêreld in ‘n opkomende resessie van ‘n onbekende diepte gedompel. Kommoditeitspryse het skerp gedaal en die reisverbod het die arbeidsmarkte en ekonomiese aktiwiteite drasties beperk. Dit het Afrika-ekonomieë ernstig onder druk geplaas, met baie wat die Covid-19 -krisis reeds in 'n

swak toestand betree het. (Shipalana *et al* 2020:3) Die skielike stop in die globale ekonomie, tesame met verminderde inkomstebronne het tot op hede die grootste ekonomiese impak op Afrika lande gehad (Shipalana *et al* 2020:3–4). Benewens die moeilike ekonomiese herstel vooruitsigte, sal Afrika lande ook stygende inflasie in die oë staar. Namate die wêreldekonomie herstel, sal Afrika lande rekord inflasie stygings ervaar (bo tradisionele vlakke) (Shipalana *et al* 2020:9).

Suid-Afrika het ‘n beperkte fiskale ruimte wat dit bykans onmoontlik maak om nie die volhoubaarheid van haar finansiële posisie en die stabiliteit van haar ekonomie in gevaar te stel nie. (Shipalana & O’Riordan 2020:8) Die impak van Covid-19 op ekonomieë, gesondheidsorg stelsels en lewensonderhoud was onmiddellik en diepgaande. Die korttermyn-pad, en uiteindelike einde, van die pandemie bly steeds onseker. (Shipalana & O’Riordan 2020:8)

Die Covid-19 pandemie het ‘n verwoestende effek op finansies en werksgeleenthede wêreldwyd (Nwosimiri 2021:2). Die pandemie het ‘n verlammende uitwerking op werksgeleenthede. Maatskappye sukkel steeds om optimaal te funksioneer en hul werkers te behou namate inkomste strome opdroog. Eienaars word gedwing om moeilike besluite te neem. Voor die pandemie het SA al werkloosheidsuitdagings, ekonomiese afgradering en hoë vlakke van ongelykheid (binne die indiensnemingsektor) in die oë gestaar (Nwosimiri 2021:2). Die Covid-19 pandemie het verdere verlies aan werksgeleenthede teweeg gebring (Nwosimiri 2021:4).

In ‘n land waar 18% van die bevolking reeds voor die Covid-19 pandemie onder die broodlyn geleef (van der Merwe 2020:1 vlg. World Bank 2019) het die omvang van die armoedekrisis nou ‘n nagmerrie-realiteit geword. Die Covid-19 pandemie het ‘n ekonomie, wat reeds in resessie was, net nog verder kom skud en aan ‘n verdere armoede-pandemie momentum kom gee (van der Merwe 2020:1). In ‘n land met die hoogste ongelykheidsyfer in die wêreld en waar ongeveer 20% van die bevolking in uiterste armoede verkeer, dreig die Covid-19 pandemie om 3 miljoen Suid Afrikaners in armoede te forseer (Álvarez-Iglesias *et al* 2021:200 vlg. World Bank 2019)

### b. Die Jeug

Die pandemie het ook ‘n ingrypende effek op ons land se jeug gehad. Dit was veral sigbaar tydens die inperking van 2020 wat ongeveer 13 miljoen student sonder voldoende onderwys gelaat het (Álvarez-Iglesias *et al* 2021:200).

Tydens ‘n vergadering met PEN (Middestad bediening in Pretoria) het die taakspan van die onderstaande statestiek kennis geneem:

- *23 000 teenage pregnancies were registered in Gauteng from 2020 to 2021 of which 934 were of girls between 10 and 14 years old.*
- *33% (6.4 million) of children in South Africa, live below the poverty line (do not get enough nutrition), 27% suffer from stunting.*
- *Post-natal depression is more than 3 times higher in SA than in developed countries*
- *90% of grade R’s in the lowest 2 income quintiles are not school ready*
- *80% of grade 4 learners in SA cannot comprehend what they read*
- *1 out of 9 gr 1 learners enter higher education: 52% of gr 10 learners in 2015 did not write matric in 2017.*

## 3.3.3 Die kerk

### a. Erediensbywoning

Gemeentes se erediensbywoning het tydens die pandemie skade gely. Carey Neuhoff maak vyf stellings waaroor na gedink kan word.

1. Neuhoff is van mening dat die meerderheid kerkgangers permanent gaan weg bly wanneer die beperkings op erediensbywoning gelig word.
2. Hy beveel aan dat gemeentes hul klem op samekomste (eredienste) na “*connecting*” verskuif.
3. Kerke se leuse moet verander van ‘vul die kerkgebou” na “vervul jou roeping”.
4. Generasieverskille gaan verdiep. Volgens Neuhoff is Gen Z en Alpha beide *spiritually illiterate and busy abandoning the church.*
5. Geestelike entrepreneurs sal floreer.

**b. Die moontlike langertermyn gevolge van virtuele eredienste**

Die langtermyngevolge van virtuele eredienste sal nog uitkristalliseer. Minstens twee tendense is sigbaar: (1) Lidmate het virtuele toegang tot ‘n wye verskeidenheid van uitsendings; en (2) kort uitsendings kry voorkeur bo die gewone lengte. Hierdie tendense moet ingedagte gehou word wanneer gemeentes nadink oor ‘n moontlike hibriede bediening.

**c. Onbekendheidsfaktor in en van die toekoms:**

Die toekoms bly vir ons onseker. Studie velde soos Toekomskunde en Teletoekoms (Morne Mostert) kan die kerk help in haar nadenke oor die toekoms.

**d. Connecting people:**

Die pandemie het mense geïsoleer. Daarom behoort ‘n gemeente se *reformatting* erns daarmee te maak om op ‘n kreatiewe wyse mense weer met mekaar in “aanraking” te bring (*connecting*).

Die bogenoemde het en gaan van gemeentes die volgende vra:

1. Aanpasbaarheid.
2. Kennis en tegnologie moet “connecting people” ten doel hê.
3. Antisiperende leierskap – *There we go @ Here we stand.*
4. Kyk na die onmiddelike omgewing van die gemeente - *Think global but act local (glocal)*.
5. Bou aan plaaslike ekumeniese netwerke.

**e. Die breë konteks van die NG Kerk**

- *Skrifinterpretasie:* Volgens Christo Benade se skrywe in Die Kerkbode van 27 Aug 2021 is verskillende skrifinterpretasies deel van die NG Kerk se geskiedenis. Dit lyk of dit in die toekoms ‘n al groter uitdaging gaan wees.
- *Leraars:* Die vermindering van leraarsposte en uitdagings rondom volhoubaarheid van gemeentes kan reeds bespeur word.
- *Ekumene:* Verhoudings met susterskerke bly ‘n belangrike saak op die groter kerk se agenda.

## VRAAG 2: HOE VERSTAAN ONS GOD EN ONS GELOOF?

"A crisis does not create our theology, it reveals it" (Esau McCaulley)

Hierdie woorde van die Amerikaanse nuwe testamentikus Esau McCaulley, verbonde aan Wheaton College, is 'n sinvolle vertrekpunt om aan ons vraag na God en geloof op 'n prakties-metodologiese wyse aandag te gee. Die diep vraag is: wat kom na vore uit ons huidige teologiese besinning en hoe verder?

In die hieropvolgende uiteensetting word

- eerstens kortliks die konteks waarin hierdie vraag gestel word, aangedui;
- tweedens gaan hierdie verslag vanuit 'n kort oorsig oor teologiese publikasies van die afgelope jaar, temas identifiseer wat daarin te vore kom;
- derdens gaan op 'n bondige wyse riglyne vir teologisering oor Covid voorgestel, en
- laastens gaan die verslag spesfiek fokus op die geloof- en Godsvraag

### 2.1. Krisis, konteks en diep vrae

Op die omvangryke krisis van die pandemie het ons Suid-Afrikaanse regering relatief vinnig reageer sedert Maart 2020 met die implementerings van Covid-19 maatreëls en inperkinge. Die Suid-Afrikaanse samelewing moes baie vinnig hierby inval en aanpas by uiteenlopende en abnormale gevolge hetsy ekonomies, sosiaal en maatskaplik. Terselfdertyd forseer dit ons om diep in ons Suid-Afrikaanse konteks en spesifiek, ons konteks as geloofsgemeenskappe na te dink oor ons geloof en oor elke faset wat hiermee verband hou as daad, inhoud en as spesifieke kerklike gemeenskap van die NGK. Ons vermoë om te leer uit die geloofswysheid wat oor eeue ontwikkel het, en openhartige gesprekvoering met alle ander geloofsgemeenskappe en geloofstradisies, gaan nou deurslaggewend wees. Dit is nie die eerste keer dat die wêreld en die kerk deur globale rampe getref word nie. Ons kan uit die foute en die wysheid van die geskiedenis leer. Die oortuiging dat geloof en wetenskap nie teenoor mekaar staan nie, is nou van deurslaggewende belang. Die Amerikaanse presidensiële raadgewer, Anthony Fauci se aanvanklike respons op die pandemie is bepalend waarin hy gesê het: "*We need more eyes on the problem*". Ons het nie net meer oë nodig nie, maar ook ore en harte!

Die eietydse diskoerse in ons samelewing oor Covid-19 strek oor baie wye spektrum vanaf  Covid as net erge griep tot straf van God. Boonop is die spektrum deurtrek van allerlei samesweringsteorieë soos – om maar net een te noem – dat Covid ‘n bio-wapen is van die Ooste teen Weste. Goeie onderskeidingsvermoë word hierdeur grootliks gekortwiek en verder bemoeilik en ondermyn deur allerlei onsekerhede en protesterende eiesinnighede. In hierdie heftige stroom van diskoerse, is geen gemaklike of duidelike vertrekpunt moontlik nie. Daarsonder kan ons egter ook nie, en moet ons eenvoudig iewers begin. Die interdissiplinêre fokus soos voorgestel in the South African Journal of Science (2020) is die mees oortuigende invalshoek soos aangedui deur die titel: “*More eyes on Covid-19*”. Hierin word verwys na die noodsaaklike samewerking van verskeie akademiese dissiplines om die behoeftes aan nadenke oor Covid in gemeenskappe aan te spreek. Hoe word dit in teologies-akademiese publikasies in die SA konteks aangespreek sedert 2020?

### 2.2. Watter temas kom na vore vanuit Suid-Afrikaanse teologiese besinning

Vanuit Suid-Afrikaanse teologiese publikasies in 2020/1 (sien verteenwoordigende lys aan einde van die verslag aangeheg), het die volgende temas na vore gekom.

- Om weer en nuut oor God te dink
- Om weer en nuut oor die mens te dink
- Ernstiger nadink oor hermeneutiek en skrifgebruik
- Dieper betekenis ontgin van kerkwees (ekklesiologie)
- Onmisbare belang van teologie-wetenskap gespreksvoering
- Aanspreek van gemeenskaplike en praktiese kwessies
- In die oë kyk van trauma

Die tema “Om weer en nuut oor God te dink” verteenwoordig een van die belangrikste temas, maar staan egter nie los van die ander temas nie. Voordat ons in hierdie verslag ‘n aanduiding gaan gee hieroor, wil ons eers kortliks die

geidentifiseerde temas bespreek en daaropvolgens vanuit hierdie bespreking tentatiewe riglyne aandui vir die aanpak van ons nuwe denke oor God en geloofsverstaan.

## 2.3 Identifiseer van temas en verband met ons vraag na geloof- en Godsverstaan

### 2.3.1 Om weer en nuut oor God te dink

Die verstaan van God word meestal as die sentrale en belangrikste tema beskou waarmee (geloofs)gemeenskappe dit wat gebeur interpreteer en poog om van sin te maak.

- So in die bydrae van Tolmie & Venter (2021) waarin hulle aan die volgende aandag gee. Ons nadenke of verstaan van God word deur ‘n reeks faktore beïnvloed aldus Tolmie soos die rykdom van bybelse tradisies; die invloed van geografiese en sosiale ligging op die interpretasie van die pandemie aan die hand van die Bybel; die belangrikheid van klaag (lamenting); weerstand teen die interpretasie van die pandemie as God wat die mens straf; die belangrikheid van die interpreteerder se godsbeeld en die fokus op hoe die “nuwe normaal” hanteer moet word. Op sy beurt beklemtoon Venter die aard van die teologiese besinning tydens die pandemie en die rol van die simbool van die goddelike as deel van sense-making en interpretasie van die pandemie omstandighede, die rol van trinitariese belydenisse en die ontluikende “nuwe” self wat na vore kom. Hy beklemtoon ook ten slotte die belangrikheid van ‘n etiek van verantwoordelikheid.

- Steyn et al. (2020) het in Maart 2020 preke in verskeie gereformeerde gemeentes geanaliseer en bevestig ook ‘n sterk tendens rondom die verstaan van die rol van God in die pandemie.

- Pieterse & Landman (2020) het in hul narratiewe navorsing ondersoek hoe gelowiges se perspektief beïnvloed word deur die verstaan van die oorsprong

en betekenis van die “onsigbare bedreiging”. Die navorsing dui daarop dat die pandemie omstandighede ‘n reeks “wie-en-hoekom vrae”, beduidend op die vroeër 20ste eeu, ontketen.

- Veldsman (2020) lê daarop klem dat daar na alternatiewe Godsbeelde vanuit bybelse literatuur gekyk word, soos bv “the silent God”. Terselfdertyd beklemtoon hy die verskuiwing weg vanaf statiese Godsbeelde na dinamiese Godsbeelde, veral onder die invloed van teologie-wetenskap diskoerse.

### 2.3.2 Om weer en nuut oor die mens te dink

- Oliver (2020) stel dat die omstandighede van die pandemie die geleentheid aan die mens bied om hulle verhouding met die natuur sinvol te hersien asook die implikasie van ons toekomstige gesamentlike voortbestaan. Die mens het daarom ‘n verantwoordelikheid om ons rol in die huidige omstandighede te ondersoek en te aanvaar.

- Verhoef et al. (2020) meen dat hierdie tyd geleentheid skep om outentieke bestaan, tegnologie en beliggaming te bedink te midde van Covid-19 en die toekoms.

- Serfontein (2021) fokus ook op beliggaming maar vanuit die perspektief van evolusionêre antropologie. Covid-19 word beskryf as die “invisible stranger” wat ons lewens onderbreek as ‘n akute manier om die kwesbaarheid van die mens te beklemtoon en die ingebore onregverdigheid te ontbloot in sosiale strukture wêreldwyd. Die mens se evolusionêre geskiedenis dui op die unieke kapasiteit vir verbeelding en kreatiewe samewerking wat ons juis suksesvol gemaak het as ‘n spesie. Hierdie selfde kreatiewe vermoë blyk om ‘n positiewe bydra te maak tot die mens se hantering van die uitdagings wat Covid-19 bring in die “New abnormal”.

- Meylahn (2020) fokus in sy interpretasie op die pandemie spesifiek op die globale sosio-ekonomiese en politieke effekte van die wêreldwye inperkinge. Hy reageer op die vraag: "*What can we do?*". Hy antwoord: "*Well, do the only thing that can probably done: Be human!*". Dit vra van ons kreatiwiteit in die skep van nuwe stede, samelewings, politiek wat so inklusief as moontlik is aan die hand van nuwe simboliese verbeelding

### 2.3.3 Ernstiger nadenke oor hermeneutiek en skrifgebruik

- Belangrikheid van die geografie/situasie van die interpreteerder en hul "*sensemaking*" van die pandemie. (Tolmie & Venter 2020)
- Klag (Lament) as "*meaning-making literature*". Soms die enigste gepaste reaksie tot 'n onverstaanbare realiteit van pyn en lyding. Hierdie literêre benadering mag dalk juis help wanneer die mens voor misterie en twyfel te staan kom (Serfontein 2021).

### 2.3.4 Dieper betekenis ontgin van kerkwees (ekklesiologie)

- Scott (2020) ondersoek die effek van grendeltydperke op eredienste wanneer kerke weer hul deure kan oopmaak en met vol kapasiteit kan funksioneer. Scott beskyf dit as 'n liminale fase waaroor daar gereflekteer moet word as 'n liminale fase en ook 'n post-limimale fase tydens 'n "*post-lockdown*" era.

- Letsosa (2021) fokus op die ontmaskering van samesweringsteorieë nl. die kontroversiële "Inenting is die merk van die dier".

- Pityana (2020) spreek weer 'n breër groep uitdagings aan soos publieke gesondheid en die sosio-ekonomiese lewensbestaan van gemeenskappe en die gebroke en lydende konteks waarbinne hul hulself bevind.

- Etienne de Villiers (2020) wys op die onmisbare belang van moraliteit asook die weerloosheid daarvan in ’n pandemiese tyd waarin die kerk – wat nie goeie “*track record*” het nie - morele leiding moet gee.

- Buhle Mpofu (2020) ondersoek die belangrike verband tussen religie en digitaliteit in ’n marginaliserende tyd waarin liturgiese ruimtes en missionaliteit verbeeldingsvol oorbedink moet word.

- Lyzette Hoffman (2021) fokus op geloofsvorming van tieners in hierdie tyd en wyses waarop hulle gemeentelike betrokkenheid bewerkstellig kan word.

### 2.3.5 Onmisbare belang van teologie-wetenskap gesprekvoering

Alhoewel die onmisbare belang van die teologie-wetenskap gesprek sterker voorop behoort te staan, geniet dit nie soveel aandag nie. Daar is waarskynlik baie goeie en slegte redes hiervoor waaronder misplaaste agterdog en vyandigheid – as slegte redes - tel.

- Serfontein (2021) redeneer vanuit ons evolusionêre geskiedenis dat ons unieke vermoë van verbeelding en kreatiwiteit dit vir ons sal moontlik maak om verbeeldingsvol die nuwe “abnormaal” aan te kan durf.

- Venter (2021) se interdissiplinêre besinning oor die ontologiese status en aard van virusse maak ’n baie besondere bydrae in die gesprek oor die “boosheid” van die pandemie in die komplekse verhouding tot teologiese besinning daaroor.

- Veldsman (2020) fokus op die belang van menslike verantwoordelikheid en die besondere gawe van “wysheid” vanuit die evolusionêre geskiedenis van homo sapiens.

- Beyers (2020) konsentreer op die besondere kontekstuele belang van die saamlees van die biomediese wetenskappe en die rol van tradisionele genesers in die Suid-Afrikaanse konteks, veral inheemse kennissisteme.

### 2.3.6 Aanspreek van gemeenskaplike en praktiese kwessies

Gegewe die weerloosheid en verwondheid van die Suid-Afrikaanse samelewing, is dit teleurstellend dat ten spyte van opmerkinge oor sosiale ongelykheid, marginalisering en ingrypende sosiale trauma (geweld, rassisme, korrupsie ens), baie min publikasies daaraan aandag skenk. Daar is enkele uitsonderinge.

- Stephan de Beer (2020) gee op aangrypende wyse teologiese en praktiese aandag aan “tuisteloosheid” (*Homelessness*) in Tshwane. Hy fokus op konkrete wyses oor hoe ons in die morsigheid van die openbare prosesse ’n opbouende en ruimteskeppende wyse ’n verskil kan teweegbring.

- Marinda van Niekerk (2021) herdefinieer kerkwees in ’n pandemiese tyd tov menswaardigheid, geregtigheid en gemeenskapwees.

- Buhle Mpofu (2020) stel ’n alternatiewe missionale paradigma voor waarin sosiale marginalisering en uitbuiting prakties aangespreek kan word deur die geloofgemeenskappe.

- Johan van der Merwe (2020) beskryf en bespreek die rol van die kerk wat haar in die perfekte plek bevind om deur ekumeniese netwerke ’n verskil te maak onder hierdie ontsporende omstandighede.

### 2.3.6 In die oë kyk van trauma

Ongelukkig is daar ook min aandag geskenk aan die onmiddellike behoefte om die sosiale trauma wat die pandemie teweeggebring het, aan te spreek en praktiese leiding te verskaf.

- Serfontein (2021) toon op oortuigende wyse aan hoe belangrike rol die bybelse klaagliede kan speel in hierdie traumatiese omstandighede.

- De Backer (2020) ontgin op insiggewende wyse die belangrikheid en bydrae van die samewerking tussen Christelike spiritualiteit en sielkunde.

- Kgatle & Puleng (2020) se beskrywing van kommunale treur teenoor individuele treur is van kontekstuele belang.

## 2.4 Sagte direktiewe

Uit die voorafgaande akademiese publikasies kan die volgende belangrike direktiewe aangedui word vir enige verdere kerklike en teologiese besinning. Hierdie direktiewe word by wyse van vrae aan die orde gestel.

- Behels dit “meerdere oë” (en ore en harte) in die aanspreek van die uitdaginge? Dit is die noodsaak van interdissiplinêre nadenke. Maar terselfdertyd: meerdere teologiese fokale (skepping; verlossing; eskatologie ens. – en beslis nie net missionaliteit nie) op die praktiese uitdaginge.

- Spruit nadenke voort uit hermeneutiese sensitiwiteit vir konteks van interpreteerders asook relevansie van wat aangespreek word?

- Vanuit die "*connectedness of all that is*", word daar met die integrerende belangrikheid van beste teologiese en beste wetenskaplike insigte erns gemaak asook met die (nie-onskuldige) rol van tegnologie?

- Hoe word die konstituerende rol van affektiwiteit in menswees en traumatiese omstandighede aangespreek en bestuur?

Vanuit hierdie oorsig oor teologiese-akademiese publikasies met 'n duidelike aanduiding van die temas wat reeds aangedurf word, asook die direktiewe tov voortgaande besinning, beweeg ons na die spesifieke tema waarop ons vraag gerig is, naamlik oor nuwe geloof en Godsverstaan.

### 2.5 Nuwe geloof- en Godsverstaan

Met in agneming van die sagte direktiewe, wil die hieropvolgende uiteensetting 'n voorbeeld en koersaanduding gee van "nuwe" denke oor God. Slegs drie is gekies, naamlik Jordaan, Southgate en Veldsman.

Wilhelm Jordaan (2020) merk tereg op dat Covid-19 nie God se manier is om ons te straf, of die natuur se manier is om 'n nuwe ewewig te bereik nie. Die belangrike vraag wat spontaan dan na vore kom is: Maar hoe is ons dan veronderstel om God en sy teenwoordigheid in ons huidige konteks te verstaan? Ongelukkig is daar nie 'n eenduidige antwoord op hierdie vraag nie, maar éérder meerdere antwoorde. Die eerste stap is egter om ons eie broosheid en onkunde/nie-weet te erken. En vanuit hierdie bepalende erkenning, nadenkend koers te kies. Ons staan inderdaad voor 'n reuse uitdaging en daarom is dit van kardinale belang om hierdie vraag met uiterse sensitiwiteit te benader.

Hier help Christopher Southgate (2021) ons met sy drie verskillende lense waardeur mens na dieselfde gebeurtenis kan kyk om sin daarvan te maak. Hierdie (1) protologiese-; (2) Christus se lyding en uiteindelike kruisdood-; en (3) eskatologiese lense openbaar uiteindelik elkeen hul eie spesifieke soort hoop.

Die protologiese lens, wat die grondreëls vir die skepping stel, bied die moeilikste voorbeeld van hoop. Hierdie lens fokus daarop dat God se “baie goeie” skepping (Gen. 1:31) ‘n dubbelsinnigheid inhou waarin geen biologiese entiteit nét goed of nét sleg is nie. Dieselfde prosesse wat aanleiding gee tot vrugbaarheid en lewe in oorvloed gee ook aanleiding tot verskriklike en onverwagse pyn en lyding. Natuurlike boosheid is nie ‘n straf van God nie, maar eerder deel van God se skeppingsproses. Die boek Job leer ons juis dat God die Skepper en Onderhouer van hierdie heelal is, en sy heelal is mooi en goed, maar dis nie geskep om lyding te voorkom nie. Waar vind ons dan hoop in hierdie eerste lens? God is die bron van alle skeppende bestaan, en daarom ‘n God van ondenkbare krag en vindingrykheid. God is getrou aan die wette en prosesse waardeur die heelal ontvou het.

Die eskatologiese lens bied die maklikste voorbeeld van hoop met die oortuiging dat Jesus se opstanding uit die dood die proses begin het waardeur alle skeppende bestaan in ‘n tyd-vrye bestaan sal kom. Selfs al kreun die skepping van pyn (Rom. 8:22), is daar niks in hierdie lewe wat ons kan skei van die liefde van God in Christus Jesus, ons Here (vv. 38–39). Maar ‘n evangelie wat nét op die opstanding fokus en geensins vorige pyn en ontnugtering uitdruk nie, kan nie met ons werklike menslike ervarings praat nie.

Daarom het ons ook die lens van Christus se lyding en uiteindelike kruisdood nodig. Hierdie lens fokus op die oortuiging dat watter dieptes ek ook al teëkom, ek kan tot God roep, want geen lyding of bose magte kan my van God skei nie (Jesus se kruiswoorde in Mrk. 15:34 as voorbeeld van klaag-Psalms). Die klaag-Psalms is desperate uitroepe na God en vorm deel van die wysheidsliteratuur (ook Spreuke, Prediker en Job). Die wysheidsliteratuur begin nie by God en sy wonderdade nie, maar by die mens se poging om daagliks met wysheid te leef. Dus is die fokus baie meer op die hede – m.a.w. hoe om jou onmiddelike omstandighede en uitdagings te hanteer. In die profetiese boeke is God direk aan die woord, in die Psalms is God in gesprek met die mens, máár in die wysheidsliteratuur sien ons iets van ‘n verborge God, ‘n God wat as’t ware stilbly / swyg – soos wat ek en jy tans beleef in hierdie onverstaanbare, pynlike omstandighede. Veldsman (2011) verduidelik hoe die wysheidsliteratuur iets uitdruk van ‘n intense verlange dat die lewe net eenvoudiger kon wees. Dat ons somtyds verleë staan, sonder antwoorde, sonder woorde – net met krete. Dat ons wens ons omstandighede anders kon wees… dat ons liewe land

Suid-Afrika se seerkry kan einde kry, en ons nood verlig kan word. Ten diepste wil die wysheidsliteratuur iets uitdruk van ons eie kwesbaarheid in hierdie lewe. Dit wil iets weergee van God se troosvolle nabyheid, maar ook ons verlange na God se teenwoordigheid en ingrype, en ook ons pyn en frustrasie oor die feit dat God soms net stil is / swyg. Veldsman (2020) herinner ons dat ‘n stil/verborge God geensins ‘n nuwe konsep is nie (ons sien dit veral in die tydperk ná WOII toe mense nie kon verstaan hoe ‘n liefdevolle, genadige God niks kan doen om die pyn en lyding te voorkom nie). Verder, het dit ook niks te doen met die vraag of God wel bestaan of nie.

Ons stil/swygende / verborge God is dieselfde God wat hierdie skepping vanuit niks anders as sy eie liefdevolle verbeelding geskep het; en dieselfde God van die kruis en die opstanding; en dieselfde God wat sy Gees in hierdie wêreld ingestuur het om dit wat God in Jesus Christus moontlik gemaak het, vir ons ‘n realiteit te maak (Veldsman 2020). Southgate (2021) skryf dat die Gees ons lei in ons reaksie op God se teenwoordigheid in verskillende gebeure: of ons meer moet fokus op die karakter van die skepping, op die kruisvormige aard van alle lyding, of op God se belofte dat die nuwe skepping/opstandingslewe inderdaad sal kom (m.a.w. deur watter lens ons moet kyk). God se Gees gee vir ons die wysheid om ander te help om te aanvaar en te (ver)werk met dit wat gebeur het, om diegene by te staan wat op verskillende wyses getraumatiseer is, of om aan te dring dat hoop nie verlore mag gaan nie. Hierdie wysheid en onderskeidingsvermoë is ‘n besonderse gawe wat ons as Christene in hierdie tyd kan bied. Op besondere wyse loop hierin ons “liefde vir wysheid/kennis” (soos in al die wetenskappe as hulpbron ons begelei) en die wysheid van die liefde (soos die evangeliese boodskap ons begelei) saam.

God is goed in Godself, maar sy waarde kan nie vergelyk met dit wat ons as goed en sleg beskou nie (Southgate 2021). So, op die ou end kan ons maar net erken dat ons nooit God se weë gaan verstaan nie, nie omdat ons nie kan nie, maar omdat dit – soos om in die son te kyk - vir ons verblindend is om na die heilige God (nadenkend) te kyk. God is God.

## 2.6 Slotsom

Vanuit ‘n ingeperkte oorsig van ons konteks, ‘n identifisering van temas wat tersprake kom en ‘n aanduiding van tentatiewe riglyne vir teologisering oor Covid, kan hierdie verslag mbt spesifiek ons Godsverstaan in ‘n krisistyd ‘n interpretatiewe lyn “*reveal*” (soos wat Esau McCaulley aangevoer het). Dit is ‘n interprettiewe lyn waarin ons konkrete beliggaamde bestaan, ons weerloosheid in ons verhouding tot God en ons Godsverstaan anders en nuut na vore kom.

## VRAAG 3: HOE DINK ONS OOR DIE KERK AS GELOOFSGEMEENSKAP EN HAAR ROEPING?

Wanneer ons as geloofsgemeenskappe verbeeldingvol nadink oor ons identiteit en roeping, dink die taakspan, is die volgende sake van belang:

### 3.1 Hoe het geloofsgemeenskappe gelyk voor Covid-19?

- Geloofsgemeenskappe funksioneer met fisiese kontak deur middel van gemeente aktiwiteite en samekomste soos eredienste, bybelstudie/omgee groepe, gebedsgeleenthede, feeste/basaar ens (baie min virtuele kontak).
- Geloofsgemeenskap was geografies gebind aan die kerkgebou/terrein. In sommige kontekste was daar definitiewe gemeente-grense gewees. Alhoewel lidmate kon kies by watter gemeente hulle wou inskakel, is spesifieke gebiede deur bepaalde gemeentes bedien.
- Die geloofsgemeenskappe is aan mekaar gekoppel deur groter kerkstrukture (Ringe, Streeksinodes, die Algemene Sinode, Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, Wêreldraad van Kerke ens).

Hierdie tradisionele manier van samekoms is deur Covid-19 en die inperkings-maatreëls uitgedaag. Die vrees om ‘n potensiële dodelike virus oor te dra of op te doen het die direkte gevolg dat mense kontak met ander vermy het.

### 3.2 Hoe het geloofsgemeenskappe nou verander?

- Geloofsgemeenskappe funksioneer op beide fisiese en virtuele vlak. Nuwe kreatiewe vorme van gemeente aktiwiteite en inisiatiewe het ontstaan.
- Virtuele spasie skep ‘n globale ruimte waar mense kan inskakel vanuit meeste dele van die wêreld (afhangend van plaaslike infrastruktuur en fondse).
- Geloofsgemeenskappe is steeds gekoppel aan ‘n groter kerkstruktuur. Ook hierdie strukture funksioneer meer virtueel.
- Mense het ‘n groot verskeidenheid geloofgemeenskappe waarby hulle kan kies om in te skakel. Mense skakel egter graag in waar verhoudings-kapitaal teenwoordig is en waar hul spiritualiteit inpas. ‘n Mens sou kon vra hoe lank verhoudings-kapitaal hou.

- Alhoewel mense steeds gekoppel is aan die grotere kerkstruktuur, het Covid-19 in sekere kontekste sterker ekumeniese bande en groter ekumeniese samewerking teweeg gebring.

### 3.3 Die gemeente se rol in gemeenskappe

Die kerk se roeping, om ‘n sentrale plek van samekoms vir gelowiges en ‘n bron van lig en hoop vir die gemeenskap te wees, het nie verander nie. Dit kan egter nou in verskeie nuwe vorme plaasvind – stories van hoop is iets wat elke gemeente kan deel oor die nuwe en kreatiewe manier hoe kerk funksioneer in hierdie nuwe tyd. Dit lyk vir ons dat ons uitgenooi en uitgedaag word nuut te dink oor alle aspekte van ons roeping en bediening.

Covid-19 het ook teweegebring dat die kerk besef het dat die kerkgebou en samekomste Sondae, nie die belangrikste, die “*means*” van die kerk is nie. Die konsep van *Missio Dei* het miskien vir die eerste maal in ‘n lang tyd tot sy reg gekom. Covid het ons kom herinner dat die sentrale samekoms in eredienste ‘n plek is waar ons heel word, God se liefde en vergifnis ontvang en vanuit daardie lewende hoop, mekaar toerus om instrumente van liefde, heling, hoop, vrede, ens. te wees. Vir baie het daar ‘n skuif gekom in hulle denke rondom die kerkstruktuur. Die kerkstruktuur is nie die “means” nie, maar die “means to an end”.

### 3.4 Enkele gedagtes oor ons roeping

‘n Paar gedagtes rondom roeping te midde van die uitdagende tyd waarin ons onsself tydens die pandemie bevind het:

- Ons is steeds daarvan oortuig dat ons geroep is om hoop te bring.
- Die kerk gaan deur ‘n “Feniks’-moment van nuut opstaan/nuut dink oor die bediening.
- In hierdie moment word klem gelê op dit wat vir die huidige konteks sinvol is, wat beteken dat sommige goed uit die verlede agtergelaat moet word.
- Ons roeping is om die kerk in pas te bring met die samelewing.
- Gedurende hierdie proses:
    - Betrek – maak mense doelbewus deel van die kerk

    - Behoort – die kerk moet ‘n plek van behoort wees
    - Energeer – nooi mense uit om aktief deel te neem aan die bedienings en werksaamhede van die geloofsgemeenskap.

- Ons roeping is nie net ten opsigte van lidmate nie, maar ook om kollegas te ondersteun en te energeer binne die gemeente/ring/sinode.
- Om lidmate, kollegas en ons breër gemeenskappe op ‘n pastorale wyse te begelei rondom die trauma en gevolge van Covid-19.
- Om na dink rondom lidmate wat digitaal nuut bygekom het in die gemeente en hoe/óf ons hulle sinvol kan bedien op ‘n virtuele platvorm.

Tydens verskeie gesprekke wat die taakspan gevoer het, is die belang van goeie leierskap beklemtoon. Dit is wesenlik deel van ons roeping. Die gevoel is dat goeie kerklike leierskap op nasionale, sowel as plaaslike vlak, van rigtinggewende belang is.

### 3.5 Pastoraat en Covid-19

Soos uit voorafgaande bespreking duidelik geword het, het Covid-19 gemeentelede op ‘n hele aantal vlakke raak. Daarom is dit nodig dat die pastorale versorging van gemeentelede ‘n prioriteit was en ook vorentoe moet wees.

Op 11 Maart 2020 is Covid-19 as ‘n pandemie verklaar. Dit het ongetwyfeld die wêreld onomkeerbaar verander. Die uitwerking van Covid-19 het enorme fisiese, ekonomiese, emosionele, sosiale en spirituele uitdagings vir mense gebring. Ons samelewing is getraumatiseer.

Die hoofeienskap van trauma is dat dit ons woorde steel – dit wil sê ons vermoë om dit te benoem en daaroor te kan praat (O’Connor 2011:5–8). Trauma verwoes alle interpretatiewe raamwerke (Groenewald 2018a:804). Dit breek alle aannames en oortuiging af, dit dissosieer ons gedagtes en emosies en uiteindelik breek dit ons totale identiteit/menswees af.

In die eerste plek is die uitwerking daarvan op emosionele vlak paniekaanvalle, angsversteurings, depressie, post-traumatiese stres, asook selfdood. Die onkontroleerbaarheid van die virus en die feit dat mense daaraan gesterf het het bygedra tot gevoelens van paniek en angs. Mense het ook oor die algemeen gevoelens van onsekerheid, veral onsekerheid oor die toekoms ervaar (Durmus et al. 2022: 798).

Tweedens, is verliese op verskeie vlakke ervaar waarvan die mees traumatiese die verlies aan gevoelens van sekuriteit, vryheid en gerustheid was. Die verlies aan geliefdes was vir baie mense veral traumaties.

In die derde plek is daar ook streng inperkingsregulasies deur die regering afgekondig. Mense moes vir baie lang tye in isolasie verkeer. Dit het die gevoel van eensaamheid, hopeloosheid en magteloosheid versterk. Veral mense wat alleen gebly het, asook bejaardes in tehuise en pasiënte in hospitale wat nie deur geliefdes besoek kon word nie, is die ergste getref. Die inperkings en isolasie het ook spanning in verhoudings gebring. Huishoudelike geweld, seksuele en emosionele misbruik en egskeidings het toegeneem. Die inperkingsmaatreels het ook werksverliese teweeg gebring en mense se inkomstes het verminder.

Vierdens het die pandemie erge spanning geplaas op die gesondheidsektor. Hospitale was oorvol en pasiënte moes soms maande wag om roetine operasies te ondergaan, sodat daar kapasiteit vir Covid-19 pasiënte geskep kon word.

In die vyfde plek het Covid-19 veral vrae op spirituele gebied ontketen. Mense het met God geworstel, veral om God se wil te verstaan. Vrae wat mense gevra het was: Hoe kan ‘n liefdevolle God hierdie dinge toelaat? Is daar enigsins ‘n God? Is my sonde die rede dat ek nou deur God gestraf word? Is dit die eindtye wat aangebreek het?

Mense het tydens die pandemie ook “skewe” of negatiewe Godsbeelde ontwikkel. Dit het ‘n bepalende invloed op mense se verhouding met God, die manier hoe hulle hierdie trauma verwerk en die vermoë om sin te maak in die situasie gehad. “*Appropriate God images can promote human well-being. Skewed God images*

*contribute to spiritual intoxication (religious pathology). We cannot lockdown God, but we can infect theological reflection and ecclesial paradigms*" (Louw 2020:127)

Die moeilike feit om vrede mee te maak, is dat Christene ook swaar kry en pyn en lyding ervaar. Gebede word ook nie altyd beantwoord op die manier wat mense vra nie. Predikante en pastors moet rustig daaroor wees dat daar nie altyd antwoorde en oplossings vir lyding is nie. Daar moes ook gewaak word teen goedkoop en te eenvoudige antwoorde op die kompleksiteit van die pandemie. Die Bybel wys vir ons dat daar baie keer aan die einde van weeklaag voor God, nog steeds nie antwoorde is nie. Dalk moet ons dit in hierdie tyd weer herontdek. "*Modern society has lost the language of lament and this language needs to be rediscovered to journey through pain and suffering and make sense of it*" (Serfontein 2021). Hierdie is 'n tema wat voortdurende deur predikante aangespreek gaan moet word.

Uit ongelooflike moeilike omstandighede, traumatiese gebeure, pyn en lyding kan daar ook stories van hoop onstaan. Daar is dikwels die geleentheid vir persoonlike groei en lewensverryking. Rogobete (2015:96–97) voeg by dat hierdie mense hul lewensomstandighede moet herinterpreteer en herdefinieer; met taal moet hulle as't ware 'n nuwe wêreld konstrueer waarin hulle sin kan maak van hul lewensomstandighede. Gemeentes kan oorweeg om geleenthede te skep waar gemeentelede kan praat oor die effek van Covid-19 op hulle lewens. Die trauma sal eers deurgepraat moet word, voordat daar 'n nuwe verstaan en stories van hoop kan onstaan.

Mense moet toegelaat word om te rou en leiding kry om deur die fases van die rouproses te beweeg op gesonde maniere. Dit is belangrik om te onthou dat elke individu verlies op 'n unieke manier ervaar en hanteer. Dit hang af van wie ons is, watter ondersteuningsnetwerk ons het, ons rolle in ons families en gemeenskappe en die dinge wat sin aan ons lewens gee.

Balans moet gevind word in die maniere hoe mense dink. Negatiewe gedagtes moet geleidelik vervang word met meer positiewe emosies. "Baie mense ervaar nou posttraumatiese groei deurdat emosionele veerkragtigheid hulle laat terugbons uit 'n krisissituasie – mense tree sterker hieruit. Wanneer jy angs en onsekerheid ervaar,

wat COVID meebring, moet dit hanteer word en die individu moet vinnig leer om dit onder die knie te kry. Jy moet bronne uit jouself haal en dit lei na die ontdekking en ontwikkeling van positiewe emosionele groei," (Warrington 2022).

Die pandemie het vir die mensdom wêrelwyd 'n groter bewusheid van dood en lyding, wat sinvol op lewens en instansies kan inwerk, gebring. Dit is positief en maak mense meer waarderend vir die lewe. Omdat jy self nog leef, begin jy klein dingetjies waardeer en word baie aspekte van menswees nie meer as vanselfsprekend aanvaar nie. Die deur is nou oop vir predikante om meer openlik oor die dood te praat en te preek. Mense is gereed daarvoor.

Om in die oomblik te lewe is 'n kuns en tegniek wat mense in die pandemie aangeleer het. Met die nagevolge van Covid-19 is "bewustheid" 'n manier om spanning en angs te verminder. Dit het ook 'n kalmerende uitwerking. Dis die vermoë om elke oomblik te waardeer, om die meeste van elke geleentheid te maak, om God in die oomblik te vind. Om dinge rondom jou raak te sien, bewus te wees van die natuur. Ons is gewoonlik te gejaag om notisie daarvan te neem. Dit is 'n dankbaarheid oor die lewe. Om tyd vir refleksie aan die einde van elke dag te maak en dankie te sê vir die geskenk van nog 'n dag, met sy hoogte en laagtepunte. Covid-19 het mense definitief aan die dink gesit oor die sin van die lewe. Wat gee my nuwe energie ten spyte van 'n wereld vol lyding en verliese? Mense het ten diepste begin bewus raak van die gawe en geskenk van lewe, jou gesin en jou familie.

"Die impak van COVID-19 op mense se gesondheid in die breë het beslis 'n stap vorentoe geneem – dit skep 'n bewustheid van jou eie fisiese stand. Laasgenoemde wat veral geestesgesondheid nou meer onder die kollig plaas waar dit hoort." (Warrington 2022). Daar is beslis groter fokus op geestesgesondheid soos angs, depressie en slaapversteuring – ongesteldhede wat voorheen dikwels in stilte verduur is. Mense is nou gemakliker om by terapeute aan te klop vir professionele bystand. "Die rol van die berader, terapeut of sielkundige het groter en belangriker geword in die breë samelewing. Waar dit in die verlede bloot afgeskiet is, word dit weens COVID nou as belangrik geag en woon mense, veral mans wat nooit gedink het hulle sal hulleself in terapie bevind nie, beradingsessies by" (Warrington 2022).

Ouers van laerskoolkinders en kleuters het ook nou ’n fyner ingesteldheid op hulle kinders se emosionele behoeftes en besef dat hulle kinders aandag, liefde en tyd nodig het. Hulle meld vinniger aan vir terapie wanneer hulle onraad merk of vermoed dat iets onderliggends hulle kinders mag raak of hulle gedrag negatief beïnvloed. Ouers van hoërskoolleerlinge merk ook nou vinniger op wanneer kinders moontlik aan depressie ly.

Miskien is dit tyd dat ons ook vrede daarmee maak dat daar geen goeie teologiese antwoorde op die vraag: “waarom tye van swaarkry oor ons moet kom?”, is nie. Daar is sekere reëls en prosesse wat ons nooit gaan verstaan nie, maar midde in dit alles, staan hierdie een woord – nogtans. “Nogtans-mense” is mense wat sê, al is ek fisies, emosioneel, psigies en geestelik uitgeput – sal ek nie opgee nie, want in dit alles is God daar.

Uit die verslag blyk dit dat predikante verdere leiding en ondersteuning sal moet kry, om hulle roeping in hierdie komplekse wêreld uit te leef en gemeentelede effektief te ondersteun op pastorale vlak.

# 4 Slotwoord

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat gemeentes, gemeenskappe en individue “weerstandigheid” benodig om na die pandemie weer sinvol te funksioneer. Mense beleef egter die omstandighede, soos die Covid-19 krisis, op verskillende wyses en moet die kerk sensitief wees vir elke persoon se pad/proses. Ons is ten diepste oortuig dat God lewend en aktief betrokke is by die kerk, die gemeenskap en in die skepping. Daarom vra ons in krisisse vrae oor wie God is en waarmee God besig is. Godsvrae fokus ons denke, gebede en gesprekke op die aktiewe teenwoordigheid van God in ons midde. Dit help ons om nie so maklik vas te val in negatiwiteit of wanhopig te raak nie.

Hierdie omstandighede kan heel goed in die volgende uitbeelding vasgevang word:




Wanneer ons na hierdie uitbeelding kyk moet ons erken dat ons nie meer onsself in die blou sirkel bevind nie.  Maar ons is ook nog nie volledig in die geel sirkel nie aangesien die gevolge van Covid-19 nog vir ‘n tyd deel van ons realiteit gaan wees en bly. Ons almal bevind onsself iewers in die skakering tussen hierdie twee sirkels. Wat die lewe en kerk-wees so ingewikkeld maak is dat nie een van ons onsself op dieselfde plek in daardie skakering bevind nie. Daar is sommige wat eenvoudig net wil teruggaan na hoe dit was (blou sirkel) terwyl dit duidelik is dat ons nie kan teruggaan na hoe ‘dit was nie.’ Die toekoms bly ook onseker. Niemand kan met sekerheid sê wanneer ons geheel en al vry van die pandemie gaan wees nie.

Dit lyk vir die taakspan dat al wat ons vir nou kan doen is om sinvol te leef binne die “liminal” spasie. Dit vra natuurlik ook dat ons kerk is en ons roeping uitleef tot die beste van ons vermoë binne hierdie skakering. Dit vra dat ons aanhou met mekaar praat en saam dink en droom. Dit vra ook van elkeen van ons geduld met onsself en met mekaar. Dit vra dat ons vir elkeen die ruimte gee om te wees waar hulle is, en teen hulle eie spoed die ‘nuwe normaal’ te omarm. Ons sal ook vir elkeen daar waar

hulle hulself bevind sinvol, en met groot sensitiwiteit, moet begelei deur hierdie uitdagende tyd.

Miskien beteken *reformatting* vir die kerk om weer die Handleiding uit te haal en deeglik te bestudeer. Om mekaar te help om besig te wees met belangrike vrae soos: Hoe dink ons oor God? God se betrokkenheid in die wêreld?  Wat is die dinge wat die kerk moet doen? Wat is regtig ons kernbesigheid? Watter programme kan maar gerus ge-*delete* word? Hoe groot is die databasis van lidmate werklik? Wat is noodsaaklik en wat is oorbodig? Die *reformatting* kan ons dalk help om weer waarlik kerk te wees. Dit is nou as ons die durf en moed het om dit te doen.

# 5 Bibliografie

## VRAAG 1: HOE LYK DIE WÊRELD, ONS LAND, DIE BREË KONTEKS WAARIN DIE NG KERK HAARSELF BEVIND?


Alvarez-Iglesias, A., Garman, E. & Lund, C., 2021, 'Effects of covid-19 on the economy and mental health of young people in south africa: Oppurtunities for strengthening social protection programmes by integrating mental health', *South African Journal of Psychology*, vol. 5, no. 2, pp. 199-204.

Nwosimiri, O., 2021, 'Covid-19 and job losses: Should affirmative action and preferential hiring still be applicable in south africa?', *Journal of African Philosophy, Culture and Religions*, vol. 10, no. 1, pp. 1-18.

Shipalana, P., O'Riodan, A. & Prinsloo, C., 2020, *The macroeconomic impact of covid-19 on africa*, accessed 11/05/2022, https://www.jstor.org/stable/resrep28262.

Shipalana, P. & O'Riodan, A., 2020, *The macroeconomic impact of covid-19 on africa*, accessed 11/05/2022, https://www.jstor.org/stable/resrep27018.

Van der Merwe, J.M., 2020, 'Poverty and the covid-19 pandemic: A challenge to the church', *HTS Theological Studies*, vol. 76, no. 1, pp. 1-6.


## VRAAG 2: HOE VERSTAAN ONS GOD EN ONS GELOOF?


Bucher, Martin & Mall, Anwar Suleman (eds) 2021. Essential facts about Covid-19: the disease, the responses, and an uncertain future. For South African learners, teachers, and the general public. ASSAF. http://dx.doi.org/10.17159/assaf.2021/0072.

Beukes, Jacques W. 2020. To be or not to be? A missional and practical theological perspective on being Church without walls amidst coronavirus disease 2019: A challenge or an opportunity? HTS Theological Studies 76 (1). https://doi.org/10.4102/hts.v76i1.6115.

Beyers, Jaco 2020. Who may heal? A plea from traditional healers to participate in treating Covid-19. HTS Theological Studies 76 (1). https://doi.org/10.4102/hts.v76i1.6169.

De Backer, Lea M 2021. COVID-19 lockdown in South Africa: Addiction, Christian spirituality and mental health. Verbum et Ecclesia 42 (1). https://doi.org/10.4102/ve.v42i1.2135

De Beer, Stephan F. 2020. Homelessness and Covid-19 in the City of Tshwane: Doing liberation theology undercover – A conversation with Ivan Petrella. HTS Theological Studies 76 (1). https://doi.org/10.4102/hts.v76i1.6209.

De Villiers, Etienne 2020. The church and the indispensability and fragility of morality revealed by the COVID-19 pandemic. HTS Theological Studies 76 (1). https://doi.org/10.4102/hts.v76i1.6180.

Dube, Zorodzai 2020. Jesus: The infected healer and infectious community – Liminality and creative rituals in the Jesus community in view of COVID-19. HTS Theological Studies 76 (1). https://doi.org/10.4102/hts.v76i1.6189.

Hoffman, Lyzette 2021. The Bible, faith formation and a virus – Exploring the influence of a pandemic on faith formation content and practices for children and teenagers. HTS Theological Studies 77 (4). https://doi.org/10.4102/hts.v77i4.6512.

Kgatle, Mookgo S & Segalo, Puleng 2012. Grieving during a pandemic: A psycho-theological response. Verbum et Ecclesia 42 (1). https://doi.org/10.4102/ve.v42i1.2260.

Letsosa, Rantoa 2021. What has the beast's mark to do with the COVID-19 vaccination, and what is the role of the church and answering to the Christians? HTS Theological Studies 77 (4). https://doi.org/10.4102/hts.v77i4.6480.

Meylahn, Johann-Albrecht 2020. Being human in the time of Covid-19. HTS Theological Studies 76 (1). https://doi.org/10.4102/hts.v76i1.6029.

Mpofu, Buhle 2020a. Mission on the margins: A proposal for an alternative missional paradigm in the wake of COVID-19. HTS Theological Studies 76 (1). https://doi.org/10.4102/hts.v76i1.6149.

Mpofu, Buhle 2021b. Transversal modes of being a missional church in the digital context of COVID-19. HTS Theological Studies 77 (4). https://doi.org/10.4102/hts.v77i4.6341.

Olivier, Bert 2020. Die Covid-19-pandemie: 'n Geleentheid tot besinning oor die mens se plek in verhouding met die natuur? Tydskrif vir Geesteswetenskappe 60 (4). http://ojs.tgwsak.co.za/index.php/TGW/article/view/212.

Pieterse, Tanya & Landman, Christina 2021. Religious views on the origin and meaning of COVID-2019. HTS Theological Studies 77 (3). https://doi.org/10.4102/hts.v77i3.6283.

Pityana, Barney 2020. A Theological Statement on the Coronavirus Pandemic. Religion and Theology 27 (3-4), 329-358. https://doi.org/10.1163/15743012-02703006

SAJS 2020. Covid-19: Perspectives from the humanities and social science. South African Journal of Science 116 (7/8). https://sajs.co.za/issue/view/809

Scott, Hilton R. 2020. Worship in a post-lockdown context: A ritual-liturgical perspective. HTS Theological Studies 76 (1). https://doi.org/10.4102/hts.v76i1.6112

Serfontein, Bernice 2021. Being A Change Agent In A Post-Covid South Africa. Imagining a new 'abnormal' amidst COVID-19: Seeking guidance from evolutionary anthropology and theology. HTS Theological Studies 77 (3). https://doi.org/10.4102/hts.v77i3.6519.

Serfontein, Johan 2021. Introducing a re-reading of Lamentations through the lens of trauma studies: The challenge oftheCOVID-19 pandemic. In die Skriflig 55(1), a2688. https://doi.org/10.4102/ids.v55i1.2688.

Steyn, M., Wepener, C. & Pieterse, H., 2020. Preaching during the COVID-19 pandemic in South Africa: A grounded theoretical exploration. International Journal of Homiletics 4, 1–20.

Tolmie, Francois & Venter, Rian 2021. Making sense of the COVID-19 pandemic from the Bible – Some perspectives. HTS Theological Studies 77 (4). https://doi.org/10.4102/hts.v77i4.6493.

Van der Merwe, Johan 2020. Poverty and the COVID-19 pandemic: A challenge to the church. HTS Theological Studies 76 (1). https://doi.org/10.4102/hts.v76i1.6221.

Van Niekerk, Marinda 2021. Dignity, justice and community as a baseline for re-interpreting being church in a Corona-defined world. HTS Theological Studies 77 (4). https://doi.org/10.4102/hts.v77i4.6482.

Veldsman, Danie 2020. God's spirit (of wisdom) has been sent into the world, not Covid-19: A contextual systematic-theological perspective. HTS Theological Studies 76 (1). https://doi.org/10.4102/hts.v76i1.6222.

Venter, Rian 2021. Theology, Philosophy of Biology and Virology: An interdisciplinary conversation in the time of Covid-19. Verbum et Ecclesia (Forthcoming).

Verhoef, A.H., Du Toit, J., Du Preez, P. 2020. Being-in-the-Covid-19-world. Existence, technology and embodiment. Acta Theologica 40 (2). https://journals.ufs.ac.za/index.php/at/article/view/4983

Wessels, Wilhelm J. 2021. Engaging Old Testament prophetic literature in traumatic times of loss and grief. HTS Theological Studies 77 (4). https://doi.org/10.4102/hts.v77i4.6441.

**VRAAG 3: HOE DINK ONS OOR DIE KERK AS GELOOFSGEMEENSKAP EN HAAR ROEPING?**

Durmus, M. & Ozturk, Z. 2022. The effect of Covid-19 outbreak on older adults' hopelessness, loneliness and spiritual well-being in Turkey. *Journal of Religion and Health* 61: 851-865.

Durmus, M. et al. 2022. The relationship between the fear of Covid-19, depression, and spiritual well-being in pregnant women. *Journal of Religion and Health* 61: 798-810.

Louw, D.J., 2020. The aesthetics of Covid-19 within the pandemic of the corona crisis. From loss and grief to silence and simplicity – a philosophical and pastoral

approach. *Acta Theologica* 40 (2): 125-149. http://dx.doi.org/10.18820/23099089/actat.v0i2.08

O'Connor, K.M., 2011, *Jeremiah: Pain and promise*, Fortress Press, Minneapolis.

O'Connor, K.M., 2017, 'The book of job', in D., Durken (ed.), *The new Collegeville bible commentary*, Liturgical Press, Collegeville, Minnesota.

Rogobete, I., 2015, *Reconstructing trauma and meaning: life narratives of survivors of political violence during apartheid in south africa*, Newcastle-upon-Tyne: Cambridge Scholars Publishing.

Serfontein, J.L. 2021. Introducing a re-reading of Lamentations through the lens of trauma studies: The challenge of the Covid-19 pandemic. *In die Skriflig* 55(1), 92688. https://doi.org/10.4102/ids.v55i1.2688

Warrington, M. 2022. Waardevolle lesse uit Covid-19 en grendeltyd. *Kerkbode* 24 Feb.